



AFRIKAANS HUISTAAL

GRAAD 9

VRAESTEL 1

LEESBEGRIP, OPSOMMING, TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

NOVEMBER 2018

PUNTE: 60

TYD: 1½ UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings:
Afdeling A: Leesbegrip
Afdeling B: Opsomming
Afdeling C: Taalstrukture en –konvensies
2. Beantwoord **AL** die vrae.
3. Begin **ELKE** afdeling op 'n **NUWE** bladsy.
4. Trek 'n lyn na elke afdeling.
5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Skenk aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Voorgestelde tydsindeling:
Afdeling A: 35 minute
Afdeling B: 20 minute
Afdeling C: 35 minute

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1**

Lees en kyk na die teks hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Jazzfees met internasionale kunstenaars – grotes is op pad

- | | |
|---|--|
| <p>1 Dit het in Kaapstad begin as die North Sea Jazz Festival, maar later is besluit, <u>benewens die geografiese verwarring</u>, dat die Moederstad as welbekende toeriste-bestemming gerus maar sy eie naam vir 'n internasionale fees van watter aard ook al kan gee.</p> <p>2 Van die North Sea-dae tot nou – met sy behoorlike naam: die Kaapstad Internasionale Jazzfees – het die fees van allerlei jazzsoorte gegroei tot 'n besondere vertoonkas vir die globale spektrum wat jazz kan bied. Dit is wat ook aanstaande jaar te wagte kan wees, wanneer die jazzfees op 31 Maart en 1 April in die Internasionale Konferensiesentrum aangebied word.</p> <p>3 Die jazzfees sal op 30 Maart afskop met 'n gratis konsert op Groentemarkplein.</p> <p>4 Dit het vir jazzmusikante wêreldwyd 'n besondere geleentheid geword – jazz as protesmusiek uit die indertydse onderdrukking in die VSA het gemaklik ingeskakel by die politieke warboel van die apartheidsera en die omwentelings sedert 'n demokratiese bestel in 1994 aan die suidpunt van Afrika posgevat het.</p> | <p>5 Heelparty groot name uit die jazzwêreld – uit die VSA, Europa en Skandinawië – het hul opwagting al in Kaapstad gemaak, en aangesluit by die eksponente van Afrika-jazz, musikante uit Suid-Afrika en ook ander Afrikalande. Van die groot name wat vanjaar hul opwagting gaan maak, is die trompetspeler Terence Blanchard en die klavierspeler Freddie Cole, broer van die befaamde Nat King Cole en oom van Natalie.</p> <p>6 Blanchard besoek Suid-Afrika vir die eerste keer. Van sy bekendste opnames is “Let’s get lost”, “Wandering moon” en “Flow”.</p> <p>7 Cole geniet hoë aansien vir sy elegante klavierspel en sang, en sy CD <i>This love of mine</i> dra die kentekens van sy beroemde broer en die blues wat mettertyd Natalie se natuurlike sterk punt geword het.</p> <p>8 'n Ruk gelede het Miriam Makeba tydens die Miagi-fees in Johannesburg en Kaapstad haar afskeidskonsert begin. Mama Afrika het ook 'n draai in die Moederstad gemaak as deel van die afsluiting van haar halfeeuelange loopbaan.</p> |
|---|--|

<p>9 Soos Makeba was Caiphus Semenya ook jare lank landuit in die 1960's. Dié eksponent van veral Afrika-musiek se buitelandse omswerwinge het bekend geraak in dieselfde tyd toe Makeba en die jazztrompetter Hugh Masekela oorsee hul internasionale aansien verwerf het.</p> <p>10 R.J. Benjamin, bekend vir sy weergawe van Oasis se "Wonderwall", het ook bevestig dat hy by die fees sal wees.</p>	<p>11 Tina Schouw, met haar debuutalbum <i>Bleed</i> agter die rug, is op die program, en so ook die veteraan Siphho "Hotstix" Mabuse, indertyd lid van die Afrika-soulgroep Harari.</p> <p>12 Kaartjies vir die Kaapstad-fees kos R260. Besprekings kan van einde Desember by Computicket gedoen word.</p> <p style="text-align: right;">Bron: <i>Beeld</i>, Februarie 2013</p>
--	--

- 1.1 Waarom staan Kaapstad ook bekend as die "Moederstad"? (1)
- 1.2 Spreek jou uit oor die onderstreepte frase in paragraaf 1. (2)
- 1.3 Wat is 'n toeristebestemming (paragraaf 1)? (1)
- 1.4 Waarom het 'n fees soos hierdie vir jazzmusikante 'n besondere geleentheid geword? (2)
- 1.5 Verduidelik wat beteken dit as die joernalis die jazzfees klassifiseer as 'n "besondere vertoonkas vir die globale spektrum". (paragraaf 2) (2)
- 1.6 Noem een ander familielid van die bekende jazzsanger, Nat King Cole. (1)
- 1.7 Miriam Makeba is 'n Suid-Afrikaanse sanger wat gereeld by jazzfeeste opgetree het. Onder watter naam het sy opgetree? (1)
- 1.8 Makeba en 'n Suid-Afrikaanse jazztrompetter het oorsee internasionale aansien verwerf. Sy naam is ook vanjaar in die parlement deur die huidige staatspresident aangehaal. Wat is sy naam? (1)
- 1.9 Uit die berig is dit duidelik dat daar 'n ooreenkoms tussen internasionale jazzmusikante van Amerika en Suid-Afrika is. Noem een ooreenkoms. (1)
- 1.10 Die opskrif bevat onder andere die woord grotes. Wat is die verskil tussen grotes en groottes. Maak nou twee verhelderende sinne met die woorde om die betekenisverskil aan te dui. (2)

- 1.11 Wat begryp jy betreffende die betekenisverband van die woord indertyd soos deur die joernalis gebruik in die sin in paragraaf 11: "... so ook die veteraan Siphon "Hotstix" Mabuse, indertyd lid van die Afrika-soulgroep Harari"? (2)
- 1.12 1.12.1 'n Sanger se eerste album is 'n debuutalbum. Wat is 'n veteraansanger? (1)
- 1.12.2 Wat noem 'n mens dit as twee persone saam 'n musiek- of sangstuk lewer? (1)
- 1.13 1.13.1 Wanneer kan jy jou kaartjie vir hierdie uitsonderlike jazzfees koop? (1)
- 1.13.2 Sou jy graag 'n jazzfees wou bywoon? Motiveer jou antwoord. (1)

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

- 1 Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van SEWE feite om Jackson se besondere prestasies en omstredenheid te bewys.
- 2 Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in EEN paragraaf aangebied word en mag nie meer as 80 woorde beslaan nie.
- 3 Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
- 4 Telegramstyl is nie toelaatbaar nie.
- 5 Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

Popikoon sterf op 50

Michael Jackson is in 1958 in Indiana as die sewende van nege kinders gebore. In 1969 vorm die Jackson-broers 'n groep van vyf en begin saam sing. Die trefferliedjie "I want you back" word vrygestel. In 1972 word Michael se eerste sololiedjie, "Ben", op die treffersparade vrygestel en is onmiddellik 'n reusesukses.

Die solo-album "Off the Wall" verkoop in 1979 meer as sewe miljoen eksemplare en Michael word oornag 'n superster. Die Grammy-toekennings maak opslae toe "Thriller" al agt Grammy's waarvoor dit benoem is, in palm. "Thriller" is die album met die beste verkope ooit – 66 miljoen eksemplare! Michael word dié ster van die 1980's.

Jackson is ook medeskrywer van "We are the World"; 'n liedjie wat deur verskeie kunstenaars vir Afrika-liefdadigheid opgeneem is. Maar n 1993 kondig die media skoknuus aan: Sy wêreldtoer is gekanselleer weens 'n verslawing aan pynpille.

Michael trou in 1994 met Lisa Marie Presley, dogter van Elvis Presley. In 1996 is hulle geskei en trou hy later met Debbie Rowe, by wie hy twee kinders het. 'n Derde kind word later, na sy egskeiding van Rowe, gebore. Dit is nie bekend wie die ma is nie. Jackson ontvang volle toesig oor sy kinders.

In 1998 woon Michael as gaskunstenaar Nelson Mandela se tagtigste verjaardag by. Hy word in 2005 aangekla vir kindermolestering, maar word onskuldig bevind. In Junie 2009 sterf hy op 50-jarige ouderdom, kort voordat hy in Londen 'n laaste groot optrede sou hê. Michael Jackson – sanger, liedjieskrywer en danser – vandag steeds alombekend as die koning van popmusiek en een van die gewildste musiekkunstenaars van alle tye.

Bron: *Verwerk uit Naweek-Beeld*, Junie 2011

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg:



1 **Wat kry jy as jy Nataniël, drie retro-kombi's, van ons**
 2 **beste Afrikaanse kunstenaars en wavragte # geesdrif saamgooi?**
 3 **'n Konsertreeks - 'n hele OPTOG! Dié geesteskind van**
 4 **musiekregisseur Matthys Maree gaan rondreisende teater**
 5 **laat herleef...**

6 **En SARIE marsjeer trots saam, as een**
 7 **van die vennote.**

8 **OPTOG is oppad na jou! Koop jou kaartjie**
 9 **nou!**

10 **Jo Black, Nataniël, Corlea, Laurika en**
 11 **nog vele meer.**

12 **Bring 'n maatjie, jou ma en pa, ouma en oupa en maak 'n draaitjie**

13 **Wees trots Afrikaans!**

Uit: *Sarie*, September 2018

3.1 In reël 1 noem die advertensie dat Nataniël drie retro-kombi's en 'n handvol kunstenaars op 'n konsertreis neem. Wat beteken retro – in die

- woord retro-kombi's? (1)
- 3.2 3.2.1 Gee die stellende trap van die woord beste in reël 2. (½)
3.2.2 Wat is die Afrikaanse woord vir dié teken - # - in reël 2? (½)
- 3.3 Benoem die onderstreepte woordsoort in reël 3. (1)
- 3.4 Gebruik die woord kind in die woord geesteskind (reël 3) as bepaler in 'n nuwe samestelling. (1)
- 3.5 Gee die vroulike vorm van regisseur (reël 4). (1)
- 3.6 Wat is die betekenisfunksie van die voorvoegsel her in die woord herleef? (reël 5). (1)
- 3.7 Herstel die spelfout in reël 8. (1)
- 3.8 Nataniël en die kunstenaars gaan met kombi's deur die land toer om 'n konsert na verskeie dorpe te bring. Wat is die idioom as ons net tuisbly.
Voltooi: Ons ry met (1)
- 3.9 Skryf die woord maatjie (reël 12) oor en onderstreep die diftong. (1)
- 3.10 Die ondergenoemde gesinslede sal waarskynlik ook hierdie konsert wil bywoon; kyk na die onderstaande woorde en voorsien die afkappingsteken indien nodig:
oumas, oupas, mas (1)

TOTAAL: 10

VRAAG 4: STROKIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg:



Uit: *Naweek-Beeld*, Augustus 2007

- 4.1 Verduidelik wat jy onder die woord “dramakoningin “ verstaan. (1)
- 4.2 Gee die korrekte afkorting vir Woensdag. (1)
- 4.3 Gebruik die woord prostese (raampie 3) in 'n verhelderende sin. (1)
- 4.4 Ruan is 'n dronkaard (raampie 2). Benoem die onderstreepte woordsoort. (1)
- 4.5 4.5.1 Skryf die basisvorm van dronkaard (raampie 2) neer. (1)
- 4.5.2 Gee nog 'n persoonsnaam met dieselfde agtervoegsel/postmorfeem. (1)
- 4.6 Skryf raampie 1 in die indirekte rede. (1)
- 4.7 Vorm 'n selfstandige naamwoord van vermoor (raampie 2). (1)
- 4.8 Skryf die sinsnede in raampie 3 neer waarin 'n wederkerende voornaamwoord gebruik word. Onderstreep die wederkerende voornaamwoord. (1)
- 4.9 Gebruik die intensiewe vorm van bang (raampie 2) in 'n knap sin. (1)

TOTAAL: 10

VRAAG 5: ARTIKEL

Jazzkunstenaars, Popikoon, Afrikaanse sangers... mense en hul dinge... Maar Bianca Buitendag is 'n professionele branderplankryer en sê sy is in haar element in die branders van Maui, Hawaii.

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg:



- 1 Vrydagmiddag ná skool was die Buitendags se blou Kombi reeds gepak. Dan skiet die gesin deur na Stilbaai of die Weskus, of waar ook al die beste branders is. Maandagoggend vieruur vat die gesin weer die pad terug ... "Ek was seker so nege, tien, maar ek onthou dit só goed," vertel Bianca Buitendag.
- 2 Deesdae is Bianca 'n professionele branderplankryer. Sy het kort na matriek in 2012 vir die Wêreldbranderplankryliga (WSL) se kampioenskapstoer gekwalifiseer; een van net sewentien vroue wêreldwyd wat jaarliks aan tot sestien byeenkomste deelneem. Vanjaar is sy besig met haar graad in finansies en rekeningkunde, en neem sy net op uitnodiging deel. Sy was juis in Julie op Jeffreysbaai vir 'n byeenkoms. Vandat sy kan onthou, was die oseaan deel van haar lewe.
- 3 Op drie was Bianca in die see en op ses het sy begin branderplank ry. Toe die gesin eers in haar skooljare na Victoriabaai in die Suid-Kaap verhuis het, letterlik tien meter van die see, was daar geen keer aan haar nie. Sy's eintlik amfibies, sê sy. "Ek is meer gemaklik in die see as op land.

- 4 Deur die jare het Bianca al van Hawaii tot Australië se branders aangedurf. Fidji is altyd

spesiaal, dis nog primitief en tradisioneel, vertel sy. “Dis in die uithoek van die wêreld, vier vlugte tot daar. Jy vaar 45 minute met ‘n bootjie tot jy afspring in die see ... Jy kan dwarsdeur die branders sien, tot die vissies onder jou.”

5 In Mei was sy deel van ‘n wêreldspan van vyf wat teen topspanne van Amerika, Australië en Brasilië gewen het.

6 Bianca is deesdae vier maande van die jaar in Suid-Afrika en agt maande op die dorp Capbreton in die suidweste van Frankryk, waar sy vir haar ‘n huisie gekoop het. In die begin was die lewe oorsee egter ‘n groot aanpassing.

7 “Ek moes vinnig grootword, leer om onafhanklik te wees. Jy mis uit op studentwees of normale goed soos verjaardae of om in jou eie bed wakker te word.”

8 Sy het terselfdertyd baie as mens gegroei en geleer.

9 “Die see is baie helend, en jy voel na aan die Skepper.” Sy is nommer vier op die wêreldranglys – haar beste posisie nog. Sy sal altyd mal wees oor die sport, maar sy weet ‘n professionele loopbaan is beperk. Nou mik sy vir die grote: Die spele in Tokio in 2020; branderplankry is vir die eerste keer as Olimpiese sport ingesluit.

Bron: *Sarie*, September 2018

- 5.1 Gebruik deelneem (paragraaf 2) as ‘n skeibare werkwoord in ‘n sin. (1)
- 5.2 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:
Bianca moes aan ‘n (kwalifiseer) ronde deelneem. (paragraaf 2) (1)
- 5.3 Gebruik die homofoon van graad (paragraaf 2) in ‘n knap sin. (1)
- 5.4 Reduseer onderstaande sin deur die voegwoord met ‘n gepaste leesteken te vervang:
Op drie was Bianca tuis in die see en op ses het sy begin branderplankry. (paragraaf 3) (1)
- 5.5 Bianca sê dat sy eintlik amfibies is. Verduidelik kortliks wat amfibies in hierdie konteks beteken. (1)
- 5.6 Skryf onderstaande sin in die lydende vorm:
Deur die jare het Bianca al van Hawaii tot Australië se branders aangedurf. (paragraaf 4)
Begin jou sin met: Branders van ... (1)
- 5.7 Bianca neem in verskeie lande aan kompetisies deel, onder andere in Australië. Hoe noem ons ‘n persoon wat in Australië bly? (1)
- 5.8 Dui ‘n infinitief in paragraaf 7 aan. (1)

- 5.9 Brei onderstaande sin met behulp van 'n byvoeglike bysin uit:
Die branderplank het Bianca afgegooi. (1)
- 5.10 Skryf onderstaande sin in die ontkennde vorm:
Almal mik nou vir die Spele in Tokio (paragraaf 9). (1)

TOTAAL: 10

GROOTTOTAAL AFDELING C: 30

GROOTTOTAAL: 60